# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

February 2021



Jan en Nita Lombard
Lees Jan se duiweges-kiedenis binne



Die hele Lombard gesin saam met die Schnauzer honde kinders VLNR Carolien Millenaar, Larry Lombard, Nita Lombard, Jan Lombard, Luke Caldar en Zoe Caldar

*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 2 |
| Kom ons “brag” bietjie met ons aanteel | 3 |
| Bevorder die Sierduif stokperdjie - DS~PS Featerlove | 7 |
| My duiwe- lewensgeskiedenis - Jan Lombard | 8 |
| Standard discussion - Danie Strydom | 14 |
| Number of important aspects - Danie Strydom | 16 |
| Amakroke Lofts - DS~PS Featherlove | 19 |
| Brendon Hatting - DS~PS Featherlove | 21 |
| Duiwe wat verloor - Corrie Oosthuizen | 23 |
| Shaun Smeda skryf... - | 25 |
| Voëls van eenderse vere - Leendert Snyman | 26 |
| Scoreboard and Rules | 28 |


## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| **C002** | **At van Jaarsveld** | **02-Mar** |
| **K053** | **Johan van der Merwe** | **03-Mar** |
| **W015** | **Piet van Wyk** | **04-Mar** |
| **B009** | **Jan Wiid** | **04-Mar** |
| **G005** | **Hendriena Swanepoel** | **10-Mar** |
| **D044** | **Caren Dreyer** | **16-Mar** |
| **D047** | **Johannes Swart** | **18-Mar** |
| **N006** | **Jan Oelofse** | **19-Mar** |
| **H073** | **Hendrik Matthee** | **21-Mar** |
| **G042** | **Bennie van Niekerk** | **21-Mar** |
| **B039** | **Louis van der Walt** | **22-Mar** |
| **W010** | **Christo Nel** | **27-Mar** |
| **K028** | **Reece Koch** | **27-Mar** |
| **W003** | **Lizelle Swanepoel** | **30-Mar** |



***Christo Munnik***

***Agerende Redakteur***

Yes, hier is ek terug vir een maand want die Nasionale Redakteur is op die oomblik uitstedig met ‘n baie belangrike taak om na Harry se twee meisiekinders om te sien in Hennenman. Harry werk hier in Southport en sy vrou moes terug werk toe terwyl “covid” nie haar oorplasing wil teken na Port Shepstone toe nie.

Julle sal sien dat ek nie hierdie maand nodig gehad het om een artikel uit die ou Sierduiwe te plaas nie want, soos dit behoort te wees, het ons artikels gekry om te plaas, Baie dankie aan Danie Strydom wat artikels ingestuur het en aan Seppie Esterhuizen wat die regte ding gedoen het na my mening en al sy lede per maand ingedeel het en opdrag gegee het om vir Cora artikels in te stuur. So het ‘n splinter nuwe lid, Leendert Groenewald die eerste artikel geskryf en ingestuur. Baie dankie Seppie en Leendert.

Hierdie maand Pronk Jan Lombard en sy familie op die voorblad want Jan het ingestem om ook sy lewensgeskiedenis met duiwe te deel met ons. Dankie Jan en asseblief Jan vir die volgende artikels.

Cora het nog so twee of drie artikels vir die Maart 2021 uitgawe van die Sierduif, so asseblief lede moenie stil sit nie kom ons maak die Sierduif weer ons trots want dit was nie die geval vir ten minste die laaste jaar nie. Ek het sovêr Rodney se lewensgeskiedenis reeds ontvang en Corrie Oosthuizen is besig om syne te skryf vir die April uitgawe. Ek doen ‘n beroep op nog lede om asseblief dieselfde te doen sonder dat julle gevra word. Cora gaan net een lid se geskiedenis per uitgawe doen omdat sy dit spesiaal probeer maak vir die lid met mooi fotos wat julle ook moet saamstuur asseblief.

Nouja kom ons kyk wat gebeur in die nabye toekoms met artikels vir die Sierduif. Julle sal ook sien dat ons nou Dr Lappies Labuschagné se wens vervul deur “Brag” duiwe te plaas so stuur asseblief julle jong duiwe in om geplaas te word sodat ander lede kan sien wat julle geteel het die laaste “covid” jaar. Groete aan almal. Die baas.


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**


# Kom ons "Brag bietjie met ons aanteel"


Blou Gazzi Modena Mannetjie van Dr Lap-pies Labuschagné


Almond Fantai Mannetjie van Frik Butler



Bruin Fantail Wyfie van Frik Butler


Strawberry Voorburgh Shield Cropper van Pearl Strydom


Swart Felegyhazaer Tumbler van Tommie Laubscher

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



*Almond Schietti Modena van Pearl Strydom*



*Lavender Mookee van Tommie Laubscher*



*Blou gebalkte Norwich Cropper van Pearl Strydom*



*Swart Komorner Tumbler van Tommie Laubscher*



*Swart Norwich Cropper van Pearl Strydom*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



Tortoisshell Fantail van Danie Strydom



Tortoisshell Fantail van Danie Strydom



Bont Indian Fantail van Tommie Laubsher



Damascene van Louis Davis



Grizzle Old German Owl van Tommie Laubscher



National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



*Rooi Grizzle SA Distance Roller van Tommie Laubsher*




*Bruin/Silver Norwich Cropper van Louis Davis*



*Strawberry Voorburgh Shield Cropper van Linda Davis*



*Swart Norwich Cropper van Louis Davis*



*Rooi Voorburgh Shiels Cropper van Linda Davis*



National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



***Hoe om ons Sierduif stokperdjie en SASV te bevorder***

***DS~PS FeatherLove***

Julle sien, as ons sou agter kom wat ons belangsteling in Sierduiwe of duiwe in die algemeen geprikkel het, kan ons dit miskien gebruik om meer mense te laat belangstel in die sport en stokperdjie. Wat vir jou gewerk het moet mos vir ander ook werk, is ek reg? Die meeste van julle ken ons storie al, en vir diegene wat dit nog nie gehoor het nie, sal ek dit aan die einde weer plaas.

Gaan dus voort en stuur julle stories vir Cora Munnik, ek sien daarna uit om dit te lees en is seker dat al die ander lede dit ook sal geniet. Daarom daag elke lid uit om dit te doen en te kyk wat ons kan doen om hierdie groot stokperdjie van ons te bevorder.

Kom ons maak dit ‘n maandelikse publikasie om ander lede aan te spoor om ook hul verhale aan mense te vertel en die SASV te bevorder. Dit sal ook Cora se werk baie vergemaklik om nie heeltyd mense te lek vir artikels in die Sierduifboekie nie, ons almal sien uit om elke maand die boekie te lees, maar Cora het hoofpyne om artikels te kry vir elke maand se Sierduifboekie. Kom ons help haar asseblief sodat ons elke maand leees genot kan ervaar.

**Hier is ons storie in kort:**

Ons het niks van Sierduiwe geweet nie (ek dink die meeste van ons val in die kamp), maar toe ons besef hoe interessant en ongelooflik hulle was, was ons verslaaf aan duiwe.

Ek was klein toe ek my eerste vliegduiwe by my oom gekry het, het so met hulle aangegaan deur die skool jare, toe ek weermag toe is moes ek ontslae raak van die duiwe en klaar met die weermag het ek begin werk en toe was daar ook nie tyd vir duiwe nie. Net werk, parties en girls. Nadat ek getroud is en my kinder gebore is, het ek rustig geraak en weer duiwe gekry. Daardie tyd het ek tussen Welkom en Bultfontein gebly, ek het saam ‘n Willie Myburgh gewerk, wat ook aan SASV behoort het.

Ek het Birmingham rollers gehad en deur Willie het ek vir Christo Munnik ontmoet en het aangesluit by SASV. Daar is baie dinge wat ek kan vertel van wat Christo my kom help selekteer het, maar dit is ‘n storie vir ‘n ander dag. Ek het in 2008 verhuis Port Elizabeth toe en weer so paar duiwe aan gehou, maar net dak kakkers, in 2017 het ek weer begin ernstig raak en het met Fantails begin, skoue begin bywoon, en 2018 met die SA Fantail Prestige skou in Stilfontein het Pearl saam gegaan en toe het die gogga haar ook gebyt en so het die ds~ps feather-Love venootskap begin. Ons het saam net Fantails geboer en begin 2020 het Pearl Old German Owls, Modenas, Brunners en Norwich Croppers aan gekoop. Ek het by die Fantails vir my Shield Croppers en in Januarie 2021 een paar Hollandse Croppers gekoop.

Ons prober om lede te werf vir SASV en is albei huidiglik op die Oostelike Provinsie se bestuur.

Kom mede lede help die las vir Cora ligter maak en stuur julle stories in asb, en moet nie sê julle weet nie wat Cora se email adres is nie, hier is hy: cora.christo@gmail.com so laat julle penne gryp en die papier nader trek.

Duiwe groete uit die vriendelike stad van Port Elizabeth.

***Die beste sluier waarmee ‘n vrou haar gesig kan bedek, is ‘n glimlag.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *My duiwe- lewensgeskiedenis*

***Deur Jan Lombard***

Dit klink gewigtig, maar ek sal julle nie verveel met dit wat voor sierduiwe gebeur het nie. My eerste sierduiwe was Blou en Grizzle Gros Mondains van oorlede Oom Ben Rickert af. Dit was in die middel 1970's. Ons was met vakansie in die Strand en het die duiwe in Brackenfell by hulle op die plot gaan koop. My pa was in die tyd 'n SASV lid, maar ons het nooit geskou nie. Dit was in die dae van die rooi "Sierduif" boekies, wat ek ongelukkig as kind weggegee het!


In my studente- en "army" jare was daar nie tyd of geld vir hobbies nie. Ook nie toe ek begin werk het nie. In 1990 is ek getroud en het kort daarna my eerste huisie gekoop. Die eerste vere op daardie werf in Kuruman was skouhoenders. Ek het nogal goed gedoen (selfs op SA's) met my Poolse Kuifkoppe. Ek het ook Seabrights en Bearded Antwerps geteel.

In 1995 verander ek van beroep en trek Upington toe. Ek sluit in 1996 by die SASV aan en koop my eerste duiwe, Modenas van oorlede Spiro Galatis van Heilbron. Seppie Esterhuysen was my eerste mentor, siende dat hy toe al op Upington was. Ek was baie betrokke by die Modena klub in die tye toe daar meer as 100 lede in die spesklub was, en het vir 'n tyd hulle nuusbrief uitgegee.

Na n paar jaar verruil ons die hitte van Upington vir die koue van Bethlehem, toe nog steeds met Modenas. Dit was in die tye toe Bertie Loubser Kroonstad streek na Bethlem verskuif het, en ons dit herdoop het na Oos-Vrystaat. Dit was goeie tye met baie aktiewe duiweboere. Ek dink hier aan Bertie en Annatjie Loubser, Jan en Rientjie du Plessis, Danie & Christine Badenhorst, oorlede Oom Corrie van Rheenen en Oom Les Ewan – beide van Harrismith en oorlede Johan Loots ('n karakter van Ficksburg waaroor 'n mens boekdele kan skryf). Daar het ek ook geleer jy skink nie vir 'n duiweboer 'n dop uit 'n nuwe bottel brannas nie – die prop is summier plat getrap en die manne wou nie huistoe voor die bottel leeg was nie! In die tyd het ek by




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**
Julie 2019



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

KSOK gewerk en die Oos-Vrystaat plat gery agter kliente aan. Ek het gereeld by oorlede Oom Neels Prinsloo in Senekal gestop. Hy het nogal Modenas goed verstaan.


Na Bethlehem is ons Bloemfontein toe, om by Toyota SA te begin werk. In die tyd moes die Modenas plekmaak vir Komorners wat ek op twee geleenthede uit die VSA ingevoer het. As gevolg van my voorliefde vir kleurgenetika het ek baie skaars en mooi selfkleure soos “faded”, “reduced”, “Indigo” en “Qualmonds” vanaf Joe T Powers van Pennsylvania ingevoer. Vandag is alles tot niet. ‘n Mens is gelukkig as jy so nou en dan ‘n paar “magpie” gemerkte Komorners op ‘n skou sien. Dit was na die petalje met die brandewynprop, duiweles nommer twee: “As jy met skaars kleure of selfs ‘n skaarsras werk, houvas, as dit eers uit jou hok is, verdwyn hulle vining”.  Ek het ook Skoorsteenveger (‘n spesifieke kleur Hollandse Hoogvliegers) gehad in die tyd, asook ‘n paar Skildkroppers. Daar was ook vir ‘n kort tyd Mookees in my hok, maar net om die “milky” geen na my Komorners oor te dra. Ek en Parkinsons is nie goeie vriende nie.

In Bloem was oorlede Oom Kobus ‘n groot vriend en mentor. Ek het ook die Brandweer gesin leer ken. Junior was toe net so ‘n paar bakstene hoog, en my kinders ook - in die kleuterskool en graad 1. Oorlede Christo en Marietjie Brits het ook groot vriende geword. Hulle was my kinders se “favorite babysitters” wanneer ons ‘n slag bietjie wou uitgaan. In daai tyd het ek as streeksverteenwoordiger WYD gery Toyota handelaars toe - Suid tot by De Aar, Oos tot in Harrismith, Noord tot by Vereeniging en Wes sover as Kuruman en Vryburg – 5000+ km elke maand op ‘n  Corolla se klok gesit! Ek het baie uitgeslaap, wat my die kans gegee het om by duiweboere uit te kom.  Ek het altyd my handelaarsbesoeke aan die Noord Vrystaat so beplan dat ek oor etenstyd in Bothaville was. Dan was daar lekker koffie gedrink by Wessels Trekkers, waar ek vir oorlede Wynand Wessels goed leer ken het.

Met ‘n Noordkaap trip het ek per geleentheid by Oorlede Oom Frik Duif en tannie Sarie (Knoetze) gestop. Hoe tref dit my nou, met ‘n traan in die oog, hoeveel keer ek al die woord “oorlede” moes gebruik. Aan my begin met sierduiwe in 1996 was ek nog ‘n jong man met my kinders in doeke, soos hulle se: jonk en mooi. Vandag is net die “en” oor, met die jonk en die mooi iewers langs die pad verlore! Vandag noem ‘n klomp mense my “Oom”, en is my kinders werkende volwassenes. Ek het ook geleer dat ‘n hoed in die son ‘n noodsaaklikheid geword het, anders “over charge” my “solar panel”.

In 2005 is ek vir al my sondes bevorder na die groot stad Jozi, soos Johannesburg ook bekend staan, waar ons nou nog woon. Eendag na ‘n UK vergadering in Bloemfontein gaan kuier ek by Chris Oorlog (van der Berg – ook ongelukkig al oorlede) en sien baie goeie Helmets in sy hokke. Toe ek jonges wou bespreek, se hy: “Vat die twee pare vir jou, daars te veel rasse in my hokke”. So begin ‘n paar jaar van baie suksesvolle skoue met Helmets in die top-7. Een spesifieke mannetjie het ‘n hele paar punte vir my Nasionale erekleure opgestapel. Duiwe uit die stoet is wyd versprei en het vir ander telers presteer.

Later het beide die Helmets en Komorners plek gemaak vir Modeneser en Oriental Rollers (ook al weer weg uit my hokke). Beide rasse het vir my presteer. Ek glo daarin om goeie duiwe te versprei. Dis ‘n eer om te verloor teen my eie bloedlyn, want dit bewys dat ek die volgende teler met kwaliteit duiwe gehelp het.Om te prober wen ten alle koste en ander te weerhou van die plesier deur swak duiwe te versprei, is myns insiens een van die groot-

**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

ste sondes in ons hobby, wat lei tot die ondergang van die sport. Ek het 'n hele paar ander ouens gehelp met invoer van ander rasse. Dit sluit onder andere Thuringian Spots, Krasnodarer Tuimelaar, Arcangels, Danzig Hoogfvliegers, Holle Croppers in. Vir sover as German Beauty Homers en Carriers betref, het beide rasse groot vooruitgang beleef danksy hierdie invoere.

Deur die jare het ek op verskeie spesklub- streekbesture gedien, en ook op die UK – eers as sekretaris vir 5 jaar, en tans as Vise President en het so Nasionale erekleure in Administrasie gekry. Ek het ook reeds goue status erekleure in beoordeling ontvang. Ek het in 2000 begin beoordeel, en mag (wettiglik) 12 rasse beoordeel. Ek het al heelwat ander rasse beoordeel, sonder sertifikaat, as die nood gedruk het. Ek was ook bevoorreg om internasionaal te kon beoordeel in Engeland, die Fillipyne (vergesel deur Christo Munnik en Dickie Hammer van Holland – wat 'n belewenis in 'n vreemde kultuur!), Namibie, Australie, en al op 3 geleenthede in die VSA.







In 2004 het ek vir my suster in Engeland gaan kuier en op Doncaster beoordeel en by John & Marion Graves gaan kuier na die skou. Dit was my eerste blootstelling aan 'n internasionale duiweskou, en 'n groot gogga het my hard gebyt – ek wou meer sien en meer beleef! In 2007 besoek John & Marion ons en ry saam met my af na die SA's op Kleinplasie, Worcester. In 2008 besoek Brad & Karen Child (uit die VSA) en Norbert en Beate Giesecke (uit Duitsland) ons op uitnodiging en neem ek hulle af Baai toe vir die SA's. Voor die tyd, op pad en tydens die twee SA's word daar baie gesels oor hulle skoue. Verskeie ander internasionale duiweboere was al gate onder ons dak. Met all hulle stories, en 'n paar bottel goeie Suid AFrikaanse rooiwyn later, hetdie gejeuk al raak erger om internasionale skoue te besoek.



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

Ek het in 2009 begin duiwebeeldjies maak. Aan die begin was dit plat aan die agterkant, sodat dit op



'n skild gemonteer kon word. Ek het heel eerste 'n Marchenero Kropper gemaak, met pote wat baie na 'n papegaai s'n gelyk het. Later het die driedi- van die befaamde "Taubenmuseum" in Nurnberg, Duitsland het 'n staande bestelling om van elke nuwe ras wat ek maak, te koop. Met die koms van sosiale medea (Facebook) en betaalstelsel soos PayPal, het dit baie maklik geword om die beeld-jies internasionaal te smous. Dit was my sleutel om internasionaal te kon reis.

Die 2012 Europa skou is lank voor die aanvang daarvan wyd bemark as die moeder van alle sk-




oue. Dit het ook so uitgedraai met amper 100000 (jy het reg gelees: een honderd duisend) inskry-wings van kleindiere, waarvan amper 50000 sier-




duiwe was. Daar is baie wat glo dat dit nooit oortref sal word nie, veral met die dat die duiwesport orals kleiner raak. Vandat ek daarvan gehoor het, wou ek dit met alle geweld bywoon, maar uit my salaris begroting en twee tieners in die huis, was dit net 'n droom. Toe ek hier iewers in 2011 vir Nita sê ek gaan vliegkaartjies koop sodra daar genoeg fondse in my "duiwebeeldjie" rekening was, het sy gedink ek grap. 'n Klompie maande later het ek gese sy moet aansoek doen vir haar paspoort, die kaartjies is gekoop. In 2013 gaan ek weer. Op die Dortmund skou kry ek die geleentheid om die bekende duiwe genetika kenner Prof. Axel Sell van aangesig tot aangesig te ontmoet.

In 2015 volg 'n besoek aan die Australiese Nasi-onaal in Sydney. In 2016 beoordeel ek die Nonne op die National Young Bird Show in Louisville VSA. Hier vaar ek met 'n honderd jaar oue stoomboot op die Ohio, en kry die volksliedjie "Banks of Ohio" en CCR se "Proud Mary" 'n heel nuwe betekenis. Die trip was gekombineer met 'n besoek aan my seun Larry wat toe daar studeer het met 'n atletiek beurs. (Vergun my 'n kort geleentheid om as trotse pa'n slaggie te "brag": hy het Suid Afrika 3 keur op die atletiekbaan verteenwoordig en as O/19 atleet goud gewen tydens Afrika junior kampioenskappe

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

- 400m hekkies in Addis Abbaba, Ethiopia.)





In Januarie 2018 vertrek ek en Matt Willemse (gelukkig hoef ek nie weer "oorlede" te se nie – hy is nog sterk en gesond) na Duitsland. Later die jaar, in Desember 2018 volg die Amerikaanse "Grand National" skou in Amarillo Texas. Hier beoordeel ek weer die Nonne, en ontmoet ek bekende karak-



ters soos Sal Gigante van die NY Combine (Show Flights, wie se oupa 'n bekende "groot gees" in die New York Mafia van die 1920's was), oorlede Lenny Meffert en prof. Drew Lobenstein (Jakobyne)om net 'n paar te noem.

In Januarie 2019 is dit Koos Meiring se beurt om saam te gaan Duitsland toe. In Desember 2019 vlieg ons VSA toe vir Larry se gradeplegtigheid, en kombineer dit met 'n besoek aan die Pigeons on the Prairie skou in Des Moines Iowa, waar ek die Modenesers beoordeel. Toe kom die "flippen" virus en gooi 'n "spanner in the works" van ons 2020 planne. Ons dogter Zoe trou net voor "lock down" en ons gaan die sogenaamde "new normal" binne! Die jeuk is nog steeds daar en raak groter.





Corrie Oosthuizen
Breeder of True Performing
Birmingham Rollers

Contact Details:
9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein
Cell: 076 889 4199
e-mail: corrie.g2018@gmail.com



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Ek hou maar duim vas dat die entstof die wereld terug gaan vat na die ou normaal toe, en beplan 'n besoek aan die VDT Nasionaal in Duitsland en die Deense Nasionaal in Desember 2021 (Larry se meisie is van Denemarke en ons wil graag haar ouers gaan ontmoet) .

DV gaan ons in 2022 Pole toe vir die Europa skou in Kielce. Gesprekke is klaar aan die gang met Facebook duiwe "vriende" in Pole en die Tjegiese Republiek. In ons hobby is "networking" nogal belangrik, en maak dit baie deure oop as jy internasionaal wil reis.





Oor die jare was daar ook 'n gebyt deur 'n ander gogga – om goed te versamel. As laerskoolkind is menige gevaarlike bome uitgeklim om voëleiers van elke moontlike spesie te versamel. Dis wat ek kon "bekostig" want dit was verniet! In die duiwesport het hierdie gejeuk oor tyd gelei tot 'n groot versameling. Ek het tussen 600 en 700 poskaarte met duiwe en hoenders as motiewe. Die oudste dateer uit 1897. 'n Ander interessante een is in 1945 in Parys Frankryk uitgegee tydens 'n duiwe en hoenderskou – let wel: tydens die Tweede Wereldoorlog! Dan is daar 'n groot klomp medaljes, sigarette




kaarte, sigaarbandjies, vuurhoutjie "box labels", "pins" (aansteeknaalde), dasse, honderde sakwapens ("badges"), duiwebeelde, koffie- en bierbekers en sierduif- en hoenderboeke en –tydskrufte (sommige in vreemde tale), 'n klomp duiweklub pette, 'n skildery wat 'n Poolse kunstenaar vir my gemaak het van my droom: 'n bruin "barless" Modeneser en 'n spul ander items.

Hier is (was – ek is besig om dit aan n Pommie te verkoop – sy aanbod was te goed on nee te se, en ek het begin belangstelling verloor) ook 'n versameling duifringe – ongeveer 20000 verskillendes (ek het ophou tel) uit 93 verskillende lande – die oudste van 1913. My oorsese reise (gefinansier uit my kunstalent waarvoor ek die Vader baie dankbaar is – Soli Deo Gloria!) en my rondryery toe ek in die KSOK en Toyota streekkantore was, het dit maklik gemaak om te versamel. Ek besef die meeste mense is nie "pakrotte" so ek nie, en sal julle nie verder verveel oor die versameling nie. Dis



**Gerhard van Aswegen**

**Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**E-mail: gjtlofts7@gmail.com**
Januarie 2021



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

in elk geval goed wat jy moet sien om te waardeer. Julle is welkom om te kom kuier en kyk!

Nou ken julle my so 'n bietjie beter, nadat ek my duiwe siel aan julle ontbloot het!



## *Standard discussion*

***Danie Strydom***

Participants must combine the pigeon's which he/she show's standard with the manual's standard and according to the manual's order and deliver it so with Showmanship.

### Type and general appearance

Type determines whether it is a good representative of the breed. This is the outer alignment of the pigeon, in other words, it is largely determined by the body, head, wings, tail and plumage. Type is also determined to some extent by the bone structure and muscle development. Type is the property represented by evaluation of pigeons, the pigeon breed and is of utmost importance. A pigeon which has good depth and width of the body, an elegant and alert attitude, strong wings and shoulders with sturdy, well-placed legs. All body parts must be proportionate and in harmony with each other.

### Head

A Charming head. The male must have a male and a female a female head.

### Beak

The beak of the pigeon must fit well into the head of the pigeon as described in the breed's standard.

### Wattle

The wattle in about all breeds should be white of colour and should be according to the standard description of the breed.

### Eye

The eye is one of the most important characteristics of a pigeon. A good pigeon always has a good eye. That is to say the expression of the eye itself, the size and the position of the eye and the viewer (pupil) is important. Vitality is essential and this can be seen in the eye. The eye should be bright and must perform well (vigorously). (Placement and colour should according to the breed standard)

### Eye Cere

The eye cere of the pigeon must always be soft in structure whether big three thimbles like the Barb and Carrier or fine almost invisible as the Birmingham Roller's. Colour and size is determined by the breed standard.

### Neck

The neck should fit into the head and body. There are many different neck types, for example long, slim and thick necks as well as short necks. The




**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



neck must adapt to the pigeon breed standard description.

## Back
The back of the pigeon should be strong and sturdy. Length and feather covering according to the specific breed standard.

## Body / size / feather covering
All bird's bodies usually have good width, depth and will show muscularity but, must be according to the relevant breed standard. The saying "the feathers make the bird" is very true about pigeons. The quality of feathers in the selection of good pigeons is very important. The feathers of pigeons should be bright and rich in colour and must have a waxy appearance. The feathers should be fine, soft, shapely and be glossy. Dull-coloured, ragged, dry feathers and pinholes is inadmissible. A beautiful pigeon with glossy, soft feathers, with a good coverage flour dust, however, is the ideal, but too much flour dust is undesirable.

## Breast
The chest must be well-formed according to the breed standard.


## Wings
The wings must be worn neatly against the body. The wings should be in proportion to the body.

## Tail
The length and width must adapt to the endorphins and should not exceed one and a half feathers width in most pigeon breeds. The tail should be carried in almost all cases above the ground. The pigeon must not sit on his tail. There are varieties that had other descriptions like the Fantails, SA Botternek tumblers and Indian fantails.

## Legs and Feet
The legs and feet colour is red in most cases but c colour can be different in young pigeons. The legs and feet should be coloured rich and must be placed firmly and well, according to the description of the breed standard.

## Balance
The pigeon must appear balanced at all times in accordance to all the descriptions above. When a pigeon is in standing position or walking position he / she must show good balance. Pigeons that hang forward or sit on it's tail usually will have a problem with the leg plasing. There are certain breeds that are otherwise described in their respective breed standards.

## Heads, necks, beaks, wattles, eyes, eye care, wings, tails, legs and feet
The different parts of a pigeon is well described in the standard of each breed of pigeon. Remember that no pigeon in the Fancy Pigeon family's various parts are the same. We get large, short, long, wide and round heads and fine, coarse, heart-shaped, large and small wattle and likewise with the eyelids in all forms.





**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2020



## A number of important aspects to successfully perform the Pigeon sports:

**Submitted by Danie Strydom**

### important aspects to successfully perform the Pigeon sports

1. When you decide to start a breed, make sure you really feel up to Fancy Pigeons for the responsibility. The pigeon sport is one of the nicest sports one can get. You can relax with your pigeons compete, succeed and make a lot of friends.

2. Make effort to visit other breeders' lofts, consult experienced pigeons lovers and buy according to your budget. Just remember one thing when you want to pay you will get good birds if not and you buy with crumbs you get crumbs. Supply and demand always determined the price, but there are pigeons lovers who will sell you good pigeons at a reasonable price, just for the sake of promoting the sport. Never involuntarily take boxes full of pigeons at all it is often culling birds of which the breeder wants to get rid of and then you sit with the pigeons. When you bought the pigeons, you do not just immediately take them into your lofts. Treat each individual pigeon with the medicines available for external parasites. Then treat each pigeon against crop/throat cancer. Then treat your pigeons for three days against bacterial contamination. Put vitamins in the drinking water for five days. Now you treat them again for three days against coccidiosis and then for three days with ESB3 or Amprol. Then again water with vitamins for five days and then treat for internal parasites. All of the above medicines and vitamins are available at a pet or pigeon supplies store.

## Lofts

**Wooden or cement floor**

In hot areas a concrete floor is preferable. It is cooler and easier to clean. In areas such as the Cape Province, where winter rains occur, wooden floors are better to make the lofts warmer and will also reduce costs.

**Fresh light**

The sun is the main source of light and it is sufficient in our country; use it. It is not necessary that the sun shine directly into the loft, as long as there is sufficient light. Sunlight is and remains the most effective means of disinfection. Germs thrive in dark, warm and humid lofts and breeding areas, but look where the wild pigeons built their nests. Sunlight contributes greatly to the health and vitality of our pigeons. If you work long hours and you are out early in the morning and come home late at night, it is desirable to have electric lighting (not strong bulbs, but fluorescent lights) in the pigeon lofts. It gives you the opportunity to relax at the pigeons and make the necessary observation. This will pro-


Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

vide enough time for the pigeons to eat and drink water. Especially at night they sometimes drink too little water and when they are sending to the racing area without enough water then they cannot digest their food properly.

**Fresh air**

It can never be stressed enough that there should be good air conditioning in the lofts and that there should be enough fresh air available for each pigeon. Did you know that a pigeon weigh about 450 grams and that they need 1¼ liter of oxygen per hour or 30 liters (pure oxygen) in 24 hours, so 660 liters of air is used per pigeon. Old air must escape and must constantly be replaced with fresh air. Excessive heat and humidity should be avoided at all times. A pigeon take a breath on average 40-50 times per minute so we can understand how much fresh air they really need.

**Temperature and Humidity**

1. Fluctuations in temperature should be avoided. Cold has a less harmful effect on a pigeon than heat.
2. Pigeons do not sweat, but the entire body temperature is controlled by the respiratory system.
3. Moisture is the pigeon's worst enemy. There should if at all possible, be no rain able to get in the loft. There should be sails that can be rolled down to protect the lofts from rain and extreme cold or hot winds.

**Sun lofts**

The sun lofts must be made in front of the breeding loft, chicken wire or wire mesh can be used and the sun lofts is only wire with no solid roof or sides, you can if you want to put shade netting over the top part. The gaps of the wire must be small enough to keep wild birds out. Note that breeding pigeons usually all are held in breeding pens, and they get too little exercise and therefore sun lofts are very important. This is the area where they can relax quietly in direct sunlight, they can easily fly and practice here than in normal cages, sometimes with limited space. As in the other sections of the lofts, there should be perches in the sun lofts that pigeons as individuals, can sit back and enjoy the open air. Another major advantage of sun lofts is that breeding pairs are almost undisturbed to mate and the chances for infertile eggs are almost completely eliminated.

## The effective pigeons, cage hygiene, care and feeding

**The effective pigeon loft**

The pigeon loft must be built efficiently and economically. The pigeons are a personal choice, but the choice can bring grief and work out very expensive. Always try from the beginning to plan and build the best possible way for your particular kind of pigeons. Adjustments can be made later, but it can cause fruitless expenditure. Take, if you are permitted, photos of other lofts to be used in the planning process. Do not be hasty.

**Location**

1. This is mainly determined by the space on your site. Determine the location so that you (and your family) can enjoy the sport. In other words, so that you can comfortably see the pigeons and hear them. What concerns hearing; you must remember that a pigeon is a real fighter and will even fly in the dark with other birds during the breeding season. If you hear something is wrong in the loft, you can come to the rescue of many problems, even in the case of undesirable elements.

2. The ideal location is determined by the prevailing winds and the direction from which the rain usually comes in your region. A widely accepted fact is that a loft should not front South or West. Whatever the prevailing natural conditions, the location of the enclosure must be such that rain and the cold/hot winds are not admitted directly into your loft. These elements should be excluded because in this part of your loft there will be rest and nesting areas set up, in other words, quiet, dry and minimum wind in the area. If at all possible, you should allow the sun at least for a certain time in the morning in your lofts or sun lofts.

**Structure**

1. Here the choice is between building bricks (including concrete blocks), wood or steel. (You should always keep the ordinances of the Local Authority in mind, otherwise you may encounter problems.) Wood is hotter and requires less maintenance. Wood, however, creates the possibility of parasites in the grooves and crevices, although it can be prevented. At least the rear wall and two side walls must be constructed of solid material. The front and partition between sections can be built according to your choice. Wire mesh or netting (small eyes) attached to wood or steel frames are recommended.

2. The roof is once again a choice between corrugated iron and asbestos. The latter allows less cold and heat through, and is preferable. However, if

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

there is sufficient ventilation, there is nothing wrong to fit on a corrugated iron roof. To further reduce the heat inside your loft, paint the roof white on top. It can lower the temperature by up to 5 degrees.

3. Ensure that you have plenty of gates (doors) to and from lofts and sun lofts and build the gates so that you can walk straight-up into the loft.

4. If breeding with different breeds, each breed should have their breeding loft. There should be a separate section for young pigeons (weaned). They experience a lot of stress and should be able to be calm to adapt to the environment, especially eating and drinking water is a big concern.

**Care**
Pigeons must be enabled to perform. The Racing Pigeon is in competition with other birds during races and shows where a good feather quality plays a very important role. Only the owner can get the Racing Pigeon to perform and it is only possible with good care.

**Drinking water**
It is imperative that the pigeons must have clean water every day, but not in open bowls. The pigeon loves baths and as an open bowl of water is made available to the pigeon, he/she will bath in it. Make use of water troughs where the pigeon must put its head in to drink, where the pigeons cannot sit and leave droppings in the water and that no dirt can blow in. It is also here where concrete floors are desirable so that water bowls stand on hard surfaces and thus minimize dirt in the water. Wash out the water cisterns with a good detergent at least three times a week to disinfect. Rinse with clean water so that no disinfectants get stuck inside the water bowls.

**Food**
Ensure that pigeons do not get too much or too little food. One principle is that when we feed the pigeons and the first pigeons go to drink water, the food can be removed, because they have eaten enough. Another use is to measure the food on the basis of a full dessert spoon in the morning and half of it in the afternoon. Here the size of the particular kind of pigeon must be taken into account. An important aspect is that too much food, just like in humans, leaves room for fat build-up inside the pigeon. This can cause egg need, listlessness at mating and babies that are fed poorly; it is in any case unnecessary expenses. A pigeon will eat lots of food if given and cannot be calm, especially at night, on a congested crop.

**Very important**
1. Grit, loamy soil and salt must in whatever form, always be to the disposal of pigeons;

2. Forage should be fed twice a week;

3. Oil can be rubbed into the grain and only be applied once a week. Vitamin A and D are required only in small amounts;

4. Sunlight should be granted access. Direct sunlight is not necessary.

**General tips**

**To conclude this section, the following**
1. Milk is invaluable for young birds as well as for our other pigeons. Give it to them once a week on the basis of 50% milk and 50% water for 24 hours. (The importance of milk is described below.)

2. Iron and minerals as well as blood purification agents are prescribed by many people: There are several recipes and remedies. Mother Nature's recipe is bitter aloe. The purified product is in powder form and relatively cheap. This prevents both internal and external parasites. Bitter aloe is given once every 14 days on the basis of 1 teaspoon to 15 liters of drinking water for two to three days. When used for bathing purposes, use 4 teaspoons for 10 liters of bathwater. Avoids pigeon flies feather lice and Red mites.

3. Let the pigeon's bath in warm water at least once a week. Additions like, special bath salts, vinegar, salt (you must be able to taste it) and aloe powder (4 teaspoon on 10 liters of water) is effective.

4. A Tonic to get the breeders 100% is the clay cakes that are obtainable at pet food producers or can even be produced by oneself. Pigeons are fond of it and the results speak for themselves.

5. No wild birds should have access to lofts and sun lofts not even rodents. Avoid the habit to leave food late in cages, especially during the night and store in tight closing containers to keep it pure and to keep well-known pests out (e.g. a Steri Nappi - Bucket works perfectly).

**Milk contains**
Vitamin B2 (Riboflavin) - plays a role in sugar, protein and fat of the pigeon. It is in complex rela-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

tionship with the rest of the vitamins. Riboflavin increases the fertility of birds and prevent occurrence of unfertile eggs. Lack of Vitamin B2 can bring the development of the embryo to a stop.

**Nicotinic acid**
Is crucial to the pigeon. These products are not normally accessible to the pigeon. Therefore, much emphasis is laid on by experts in the administration of milk to pigeons feeding babies.

**Pantothenic acid**
Has an influence on the laying activity of the females and determines the percentage fertility of eggs. A shortage of this also causes a disturbance in the development of the feathers. The administration of milk is one of the treatment methods.

**Vitamin A**
Is called the mucosal protective Vitamin. The body also needs vitamin A for his nerves, fertilization and growth. This is also in milk.

**Vitamin D**
With lime and phosphorus plays a major role in the formation of bone. If a young pigeon's legs are unable to carry their body, a deficiency in vitamin D must be suspected. A curved keel may also be a result of such a deficit. Vitamin D is included in the milk.

**When milk is applied**
Let the pigeons drink the bowls empty and put clean water before them. If you want to give milk (in whatever form) for 24 hours, be careful of the climate because sour milk may be more harmful than no milk.



## *Amakroke Lofts:*

***Ingestuur deur DS~PS Featherlove***

Louis Davis het in 2018 by die SASV aangesluit en het met Birmingham Rollers begin, maar soos ek en die mense Louis ken, weet ons sy gat jeuk gou, toe ek weer hoor toe wil hy die Birminghams verkoop en vra my waar hy kan Mookees koop, die Mookees het gekom en gegaan, die Indian Fantail en Chinese uile het gekom en gegaan en nog so paar ander rasse het ook in Louis se hok vir so week of twee kom loseer en as ons weer sien is hulle weg.




Louis het siek geraak van die duiwe stof en het 2019 nie sy lidmaatskap hernu nie. In 2019 het Louis met Kanaries begin, so maand later was dit Budgies, maand later weer visse en so het dit aan gegaan, daar was tot konyne wat hy prober het. November 2020 het Louis aan gehou by Gawie om van sy geel Birmingham rollers te koop, julle moet weet watse gespottery was daar en arme Louis het swaar gelewe onder Danie en Gawie.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Op die einde het Gawie gesê hy sal vir Louis 3 pare leen en dan kan hy sy eie duiwe teel, maar as Louis nie meer die duiwe wil hê nie kom dit terug na



Gawie toe. Ek en Louis kom baie bymekaar, sien mekaar omtrent daagliks, want ons bly so 500 meter van mekaar af. Die een dag toe Louis by ons




kom, toe wil hy weer Norwich Croppers en Shield Croppers koop. Ek sê toe hy moet ons net bietjie kans gee om the broei, dan sal ons hom help.

Maar Louis is soos 'n ou grammefoon speler wat vas haak as hy iets in sy kop het, ek kry sy arme vrou jammer.



Dit is 'n wonder dat sy nog nie mal is na amper 40 jaar se getroude lewe met hom nie. Pearl het besluit om net met haar swart Norwich Croppers



aan te gaan en sy besluit toe dat sy vir Louis die Mealy cock en Dun hen met hulle 5 maande oue kuikens gaan gee, ek het ook 2 pare Shield Crop-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

pers uit gevang en vir Louis gegee, met 'n kontrak dat as hy moeg is vir die Kroppers dit weer terug na ons toe moet kom.

Einde Januarie sou Louis aangesluit het, maar 'n week voor die tyd kom hy en sy vrou Linda by ons aan die een aand. Vra vir Aansoek vorms en ons moet help om dit in te vul en vir Robin te stuur, ons help met die vorms en groot is ons verbasing dat Louis en Linda as 'n venootskap wil aansluit. So het hulle die gelde oorbetaal en die vorms deur ge-mail na Robin en hulle is nou die Amakroke Lofts. Linda is Ama en Louis Kroke.

Louis boer met die Norwich Croppers en Dama-cene, en Linda met die Shield Cropper, so nou het ons hoop en vertroue dat Linda vir Louis onder haar duim sal hou en dat hulle nog lank gelukkige lede sal wees.





## Brendon Hatting

***Ingestuur deur DS~PS Featherlove***

Brendon is one of our new members. He started with fancy pigeons in Primary school and he had all sorts and types of pigeons. His first pigeons he got, he bought with his bus money and then he had to walk to school. Marc Marshall brought him a few pigeons from a lady that used to be a big fancy pigeon breeder in Port Elizabeth. One time in High school he even walked from Newton Park to Row-allan Park (that's about 10 km) with a banana box full of Croppers, that he also bought with his bus fair money and he had to walk to school and back home again .

When he was older and married, he advertised on Gum Tree and OLX to buy some fancy pigeons



again, but did not get any response for about a year, then Shaun Schrosbree phoned him at work and said he had some Strassers for sale. A couple of months later a Nico replied to his Gum tree add and give him Riaan Strydom's number and that's how he got his first pigeons again.

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Me and Pearl went to fetch a Modena hen from Francois the courier guy, and they saw fancy pigeons in the bus, I asked whose pigeons these were and a lady said she came to fetch it for her husband. We talk to her and told her about SAFPA and that we have a club in the Eastern Cape, she asked our numbers and said that Brendon will be so pleased to hear about the club and other fancy pigeon breeders to help him.

That next day he made contact and we spoke on whattsapp. That Sunday he asked if he could come to see our lofts and the afternoon Brendon was trere, he was overwhelmed with the Old German Owls and we talked for about 3 hours. Just before they left Pearl asked me to go and catch a pair and she gave it to Brendon. From then we see each other about on a weekly bases and we chat about every day. He joined the EP Region SAFPA club early in January 2021.

Brendon is married to Sharlize and they have a son and his name is Leo, Sharlize supports Brendon with the pigeons and have to drive to collect them if Brendon is at work, so we wait to see when she will also join SAFPA.

Brendon keep the following breeds:

All on the photos and

Old German Owls
Krasnodaner Tumblers
Satinettes
and he is still waiting for some Tumblers.



Norwich Croppers



Starlings



Old Dutch Capuchines



Ice pigeons (clean legged)



Blondinettes



Nuns



Strassers



Mookees



Danish Suabians

***Volmaakte liefde arriveer nie voor die eerste kleinkind nie.***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



## *Duiwe wat verloor*

***deur Dolf van Niekerk***
***Geneem uit "Die teel van Kampioene" geskryf deur Chris Marais***
***Ingestuur deur Corrie Oosthuizen***

Ek het saam 'n person duiwe gevlieg wat altyd gesê het: "Wen is nie alles nie, dit is die enigste ding." Hy het ook gesê: "Ek skud altyd die wenner se hand, maar hier in my gedagte skop ek hom op die maer merrie." Ek dink nie hy was ooit ernstig nie want hy was 'n uitstekende deelnemer wat nie fout gesoek het as hy nie gewen het nie. Daar is egter duiwe boere wat moeilik verloor. As sy duif nie wen nie soek hy fout met die beoordeelaar, die beoordeling, die skoubestuur, en alles en nog wat. Hierdie is die tipe ou wat dan ook binnekort alle probleme het met die organisasie, die bestuur en so voorts en dan wegbreek om sy eie ding te begin. Gewoonlik met 'n paar navolgers met dieselfde gedagtegang. Hierdie is dinge wat die duiwesportnie kan bekostig nie.

Ek het vroeg in my lewe geleer dat mens eers moet leer om te verloor, voordat jy kan wen. Probeeer hard om dit nou vir my seun, Nando te leer. As jy nie verloor nie, leer jy nie. Ek het vier jaar duiwe geskou voordat ek my eerste skou gewen het. Daarna baie gewen maar baie keer verloor ook. Die wen en verloor was vir my onbelangrik. Wen is lekker en die berig hieronder, hanteer verloorso uitstekend dat ek dit net moes deel. Dit is ontleen uit die boek "Die Teel van Kampieone "deur Chris Marais. Die spesifike hoofstuk was 'n bydrae tot die boek en geskryf deur Dolf van Niekerk. Dit is n ou berig en oor die wedvlugsport geskryf maar ek dink van toepassing op die duiwesport in sy totaliteit of dit nou sierduiwe, rollers of resiesduiwesport is. Hoop u geniet die berig!

**DUIWE WAT VERLOOR**
(Deur Dolf van Niekerk)

**Wat is die kern van die duiwesport?**

Weinig beginners stel dadelik die vraag. Miskien pla dit ook nie die kampioen nie, maar niemand het meteens kampioen geword nie. Daarom is dit 'n vraag vir die man wat op pad is, die duiweliefhebber wat nog nie kenner of bobaas is nie: die beoefenaar wat wil presteer omdat dit 'n bewys van deeglikbeid en toewyding kan wees.

Sedert my kleintyd het die vraag my besig gehou — van die dag of toe Ponie in die skemer uit die suidooste in plaas van uit die noorde gekom het met vyfhonderd my lagter die rug en 'n wrede westewind teen sy flank. Ponie het gewen en my antwoord op die vraag was: **die kern van die duiwesport is die duif wat wen.**

Natuurlik, as jy wil wen, moet jy duiwe hê wat wen. Maar heelwat later en tot vandag toe, sou ek ondervind dat 'n mens bitter selde wen, dat elke wedvlug maar een wenner kan hê en dat elke wedvlug meer verloorders as wenners het.

**Ek vra die kampioene wat hulle as die belangrikste in die duiwesport beskou.**

**"Teling", sê die een.**

**"Nee,voeding", sê die ander een.**

**"Afrigting", sê die ander een.**

Ek teel en teel. Twee uit die vyftig pluk aan my hartsnare wanneer hulle onverwags op 'n moeilikemiddag kortpad huis toe vat en tussen die eerste sewe eindig. Maar wen?

Die Derby van 1963, Noordewind, die horison is deinserig. Die middag gaan te vinnig verby. Die populierboom in my buurman se tuin buig suid asof

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

by wink vir die duiwe wat teen die wind na Pretoria toe baklei. Die son trek water. Ek wil na die suide kyk. maar die wereld is plat. ‘n Stoepie naby die kombuis is die hoorste punt. Ek staan daar en wag. Meteens: twee duiwe laag oor die bome, volmaak in die rigting van my hok. Ek herken die blou spikkel en smeek hom met die fluitjie. Die twee skiet verby ek praat met hom al sien ek hom nie, Die fluit skel, verwyt, praat mooi. Skielik duik hy voor die huis se dak tot in die gang.

**Hy verloor die Derby met enkele sekondes. Nog ‘n antwoord op my vraag; die kern van die duiwesport is duiwe wat byna wen.**

Omstandighede dwing my om die duiwe sport vyf jaar lank te laat vaar. Wanneer ek in 1968 weerduifboer word, loop ek die pad van alle beginners. Nie ’n beginner wat ‘n kampioen se hok gaan leeg koop nie, maar ‘n beginner met meer entoesiasme as goeie teelduiwe. Die teelduiwe gee die kleintjies waartoe hulle in staat is — die entoesiasme kanmoontlik vir die res sorg. Ek voer en voer en rig af.

**Die wedvlugseisoen van 1969 bewys vir my dat entoesiasme en middelmatige duiwe ondermeer altyd die volgende tot gevolg het: duiwe wat altyd huis toe kom en altyd verloor.**

**Ek troos my aan Johan Bekker se woorde: “’n Skitterende beginner seisoen kan ‘n ramp vir ‘n duifboer wees. Want sodra sy duiwe later, om watter rede ook al nie meer wen nie, raak hy die klits maklik kwyt en word die sport vir horn ‘n las.”**

Ek begin besef dat daar nie ‘n enkelvoudige antwoord op die vraag oor die kern van die duiwesport is nie. Ek weet nog net wat ek altyd geweet het: daar is net een wenner maar duisende verloorders. ‘n Verskriklike feit wat my streng gesproke moet lamslaan - Maar moenie glo nie — so mak is die mens nie gemaak nie. Nee, elke man wil wen, elkeen van die bykans driehonderd duiweboere in ons unie wil wen, en glo my kan wen.’n Ander vraag kom by my op: Is die kern van die duiwesport nie miskien geleë in die strewe na oorwinning nie? My verstand sê vir my dat almal tog nie op ‘n bepaalde tydstip kan wen nie. Waarom dan probeer? Algaande leer ‘n mens. Die aflê van die pad is belangriker as die bereiking van die eindpunt. Dit is die duiwesport self wat mense laat aanhou: die duiwesport wat op duiwe gebou is. En die meeste van die duiwe is duiwe wat verloor.

Vrydagaand kryf ek my Spikkel saam met elf ander kandidate by die klub in. Die wedvlugseisoen van 1969 is meer as halfpad agter die rug. My Spikkel lyk soos ’n perd wat geroskam is: sy vere blink, sy neusvratte is wit, sy oog skitter, sy spiere, so sê my bewende vingers — is sag en soepel. Môre is die dag. Ek sal dit in my rekordboek aanteken: Spikkel se triomf! Twee vorige wedvlugte het hy eerste by die hok aangekom, swierig afgeduik, hom laat vang en na die groot oomblik in sy vakkie gaan sit en rus.By die klub het ek twee maal moes hoordat Spikkel net tien minute na die wenner opgedaag het. Maar dit maak nie saak nie: Môre is môre. Ewe beskeie gaan sit ek ’n uur voor die verwagte tyd in die hokke en wag. Spikkel, jou.doring — as jy duik is ek hier! ‘n Uur verloop. Nog ‘n uur gaan verby.

Wanneer die lug random my wemel van duiwe wat in alleryl hulle huise opsoek, kom klein Vygie by my hok aan. Spikkel daag drie dae later op. Die kern van die duiwesport is duiwe wat verloor, sê ek vir myself. En nou kan ek begin werk. Chris Marais het mos iewers geskryf dat variasie in die duiweras seleksie moontlik maak, dat seleksie lei tot verbetering en dat verbetering op verbetering moontlik ‘n wenner tevoorskyn kan bring. Nie Spikkel bySukkel nie, maar Vygie – al het sy nie gewennie - by ‘n mannetjie wat ook iets uitgerig het.

Om die waarheid te sê stel ek na al my wedervaringe ook nie meer so baie belang in ‘n antwoord op die vraag na die kern van die duiwesport nie, want Ponie, en die byna wenner, en Spikkel, en Vygie, maar veral Spikkel en die ander verloorders, het my miskien die belangrikste van al die lesse geleer. Dit is dat die duiwesport, ’n skoonheid en adel besit is, wat nie deur wen of verloor bepaal word nie, maar deur die hart van die duif se baas.

Dis die hart wat die verloorder soos ‘n prins behandel, wat nie van ‘n duif verwag wat hy weet die duif nie kan gee nie; wat by sy liefde vir sy duiwe, tog besef dat ‘n muil nie die July kan wen nie, wat lees en luister en genot daaruit put om die regte dinge, reg te doen; die hart wat kan ruk as sy duif hoktoe duik, die hart wat ook mooi kan verloor. Die hart sit op die regte plek.


**Die kern van die duiwes port?**

**‘n Duiweboer met ‘n hart wat altyd wen – al het sy duif verloor.**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



***Shaun Smeda skryf.....***

Soms wonder ek wat ek die afgelope 8 jaar in my spaar tyd sonder duiwe gedoen het....

Vir agt jaar lank het ek elke oggend sleepvoet die bed verlaat om my dag se brood te verdien vir 'n werk waarvoor ek baie lief en dankbaar is, maar nou lê ek wakker en wag vir die wekker om af te gaan want daar is 30 honger magies wat gevoed moet word. Dadelik verander my dag se vooruitsig na posetiewe denke as ek my duiwe kasteel verlaat, hoe kan dit nie as jy een van ons Vader se mooiste skepsels die duif sopas bewonder het

Oppad werk toe raak die verkeer sommer 'n plesier want jou kop dink net hok verbetering, broei hokke en en en, terwyl jy en jou seun duiwe gesels voor jy hom by die skool af laai. (die taxis kry my wel nog onder soms)

By die werk aan gekom kyk jy gou die SASV whatsapp groep net om seker te maak jy mis nie uit op n mooi foto, koddige aanmerking of die ontdekking van nuwe kleur soos Randfontein Grys nie.

Etenstyd gou 'n vinnig booskap aan vrou lief net om te vra as sy nie wil kyk as die vere kinders genoeg water het, daai ene gaan nie te wel af, want wie wil nou na n lang dag ( half dag) na jou man en seun se boerdery om sien.

15:00 whatsapp: "pappa daai bruin tumbler het gelê! Ek dink hier kom 'n kampioen. Sien pappa later. Bring 'n chocolate saam"

18:00 as die bakkie die hek binne dreun is dit ook die alarm dat daar nou kos gegee gaan word, Karel-Jan, 2 honde en 3 katte stap in gelid hok toe want nou gaan daar duiwe gekyk word. Ek en Karel- Jan bespreek die duiwe vir die dag en bou aan ons droom om ook eendag weer in daai top 7 te kom op 'n skou.

Direk na ete word die foon nader getrek, dan word die SAFPA whatsapp groep se boodskappe aandagtig gelees, daar word gelag, skewe kyke gegee en nota boekie nader getrek vir potensiele wenke wat mens met die oog steel op fotos.

"Liefie....kom bad nou toe!" Dit is my teken dat daar nou klaar duiwe gesels moet word en die veilings te verlaat of ek slaap alleen.

As ek my kop tot ruste bring saans en my gebedjie klaar gesê het, maak ek my oë toe en dank die Vader vir die wonderlike sport, vriende en voorreg. Dan word daar duiwe (hopenlik) gedroom tot ek die wekker in wag vir die sirkel om weer te begin.

Terwyl ons kan kom ons geniet die sport en ons duiwe deur te fokus op die positiewe

Duiwe Groete

Shaun en KJ Smeda

---

***Satinette***



National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *"Voëls van eenderse vere"*

***Leendert Snyman***

Dit is wat ons as duiwefamilie is en aan mekaar bind. Ons het almal een ding in gemeen, ons liefde vir ons duiwe ongeag watse ras, kleur of geur. Ons kan mos nou nie almal dieselfde verebedekking hê nie anders sou daar nie so 'n verskeidenheid duif rasse gewees het nie en sou daar ook nie geskou kon word nie....

Ek is gevra om iets vir die Sierduif te skryf oor my self, en ek het gewonder wat sal ek nou skryf, ek is maar 'n beginner duiweboer met min ervaring en-bykans geen kennis van die stokperdjie nie. So ek sal in kort vertel oor waar ek tans is, wat ek doen en hoe ek by die punt gekom het waar ek nou is.

In 2004 het ek by my oom kom boer tussen Griekwastad en Groblershoop, NoordKaap. Sedert 2015 het ek voltyds my eie kleinskaalse boerdery bestaande uit Van Rooyen Meatmaster skaap, Savanna bokke en kruisras bees op so 3500 hektaar. Die laaste drie jaar was vir ons as boere in die Noord Kaap moeilike jare met die droogte.

Ek is van 2018 af voorsitter by ons Volop Landbouvereniging en ondervoorsitter by AgriHay Landbou-Unie (affiliaat van Agri NoordKaap en Agri SA). Dit was moeilike jare as voorsitter om ons boere by te staan met die droogte en eiendomsbelastings, wat in die swaartye met tot 200% verhoog het, en het baie ure in beslag geneem om van hulp te wees in die kwessies. Met Genade van ons Hemelse Vader het ons sedert November 2020 meer reën ontvang as in die vorige drie jaar tesame waarvoor ons baie dankbaar is.

Toe ek agt jaar oud was het 'n skoolmaat van my (Laerskool Mooibank, Potchefstroom) se pa (André de Beer) vir my een paar tuimelaars gegee. Ongelukkig het ons nie lank daarna nie na Pretoria verhuis en moes ek die paartjie weer vir hom terug besorg. Tyd het verloop en ek onthou goed toe ek tien jaar oud was, woonagtig op Onderstepoort in die Noorde van Pretoria, het ek 'n 1m x 1m x 1.5m hokkie gebou en een paar kwartels en drie pare Zebra vinkies aangehou. Dit is waar my "vere" eiertjie uitgebroei het en my liefde vir ons vere vriende begin het.

Op dertien het die liefde begin "verveer" en het ek vir my twee groot hokke gebou (2m x 2m x 2m elk), die een met lagduifies en vinke en die ander een met Fischers. Daar was nog die skou Budgies ook. Dit het my ure se plesier verskaf om elke middag vir ure voor die hokke te sit en kyk na die voeltjies... Watervalletjies is gebou in die hokke om dit mooi en lekker te maak, die hokke se vloere is van tyd tot tyd uitgery en opgevul met nuwe sand. Al die sakgeldjies is daarin gesteek. Dit het my van kleintyd af verantwoordelikheid geleer en geleer om my diertjies te versorg.



Klaar met skool en gaan studeer (Bsc Agric Veekunde; Msc Agric Diere voeding aan die Universiteit van Pretoria) moes ek maar die liefde opsê want jy is dan nou nooit meer by die huis om jou verevriende te versorg nie.

In 2004 het ek klaar gemaak met my Msc op tukkies en ek het by my oom in die Noord-Kaap (Griekwastad omgewing) gaan boer.



Ek het nuwe hokke gebou en al my ou hokke saam gevat, die was gevul met Poolse kapokke en Goue en Silwer Sebrights. In die tussentyd het ek hier 'n duif en daar 'n duif gekry (sommer net duiwe) en het my liefde vir die vere gegroei en dink ek my vereliefde het nou volwassenheid bereik.

Ek het erkende duiweboere "lede van SASV" begin kontak, aangesluit by SASV in 2020 en almal met wie ek praat, hulle sal weet wie hulle is, was so behulpsaam. Goeie duiwe en raad was by almal van hulle te vinde. Ek dink dit is hierdie behulpsaamheid en omgee wat die verefamielie waaraan ons behoort so 'n hegte famielie maak. En ja, daar is sekerlik 'n paar duiwe met ongewensde vere in hiedie SASV famielie ook.

Tans het ek Old German Owls (Chris de Bruin), Portugeuse Tumblers (Christo en Cora Munnik), Italian owls (Dawid Botha) Valencia Figurita (John



Gerber) en Engelse Waaiersterte (Coenie Naudé), ek het nog 'n vooruitsig vir Mokees, vir my een van die edelste rasse. Phillip Lee is 'n groot leermeester vir my by die Mokees en ek beny die manier waarop hy en ander op die Mookee groep hierdie ras bevorder.

Dit is waar ek tans is en ek sien daarna uit om julle almal te ontmoet en nog baie by julle te leer. Baie dankie vir elkeen wat so hard werk om die famielie van ons so bymekaar te hou en die sport bevorder, julle harde werk gaan nie ongesiens verby nie.

Vere groete
Leendert Snyman







Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | KwaZulu-Natal: | 3159 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Eastern Province: | 1250 |
| 2. | North-of-the-Vaal: | 900 |
| 3. | Northern Cape: | 845 |
| 4. | Western Transvaal: | 833 |
| 5. | Eastern Region: | 800 |
| 6. | Freestate | 350 |
| 7. | Western Cape: | 0 |
| 8. | Northern Freestate: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1. Nil**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873